*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 16 November 2025**

## Meer kosbaar as goud – geloof gesuiwer in beproewing

*"Die doel was ... 'n egtheid wat baie kosbaarder is as goud, wat verganklik is, maar nogtans met vuur getoets word – en wat uitloop op lof en heerlikheid en eer wanneer Jesus Christus geopenbaar word."*
(1 Petrus 1:7)
*"Hy sal gaan sit as iemand wat silwer smelt en suiwer. Hy sal die Leviete reinig en hulle soos goud en silwer suiwer. Hulle sal aan die Here behoort, en offers in geregtigheid bring."*
(Maleagi 3:3)
*"'n Smeltkroes is vir silwer, en 'n smeltoondjie vir goud, maar die Here toets harte."*
(Spreuke 17:3)

*"Moenie langer bid dat ek gesond sal word nie... bid asseblief dat my geloof sal hou",* is die versoek aan 'n groep gelowiges wat saam bid. Wat maak uiteindelik die meeste saak? Waaroor gaan dit in hierdie lewe vir gelowiges en wat maak geloof met beproewinge en swaarkry? Volgens Petrus is daar iets wat werklik kosbaar is en meer waarde het as bykans enigiets waaraan hy kan dink. Iets so kosbaar dat dit selfs betekenis gee aan beproewing en lyding. Meer waardevol en minder verganklik as die edelmetaal, goud. Dit kan gesuiwer word en dit kan uitmond in heerlikheid. 'n Egte geloof is vir brose gelowiges meer werd as goud en dit gee betekenis aan die lewe hier en dit is die toerusting vir 'n ewige lewe in die heerlike teenwoordigheid van die Allerhoogste God.

Die metafoor van geloof wat getoets of gesuiwer word, is nie nuut hier in Petrus se brief nie, maar kom ook elders in die Bybel voor, te wete, Psalm 66, Maleagi 3 en Spreuke 17. Waar vuur gebruik word om die onsuiwerheid uit silwer en goud te haal, verstaan gelowiges deur die eeue dat God ook besig is met 'n proses van suiwering van die geloof en egtheid in mense. Maar waarom is geloof so kosbaar dat gelowiges deur die eeue, selfs die moeilikste van moeilike omstandighede verstaan het as suiwering en toerusting vir 'n verwagting wat alles in waarde gaan oortref? Petrus se antwoord hierop is dat hierdie suiwering van geloof, *"uitloop op lof en heerlikheid en eer wanneer Jesus Christus geopenbaar word"*. Om in beproewing die Here te sien wat weer kom met oë van geloof wat geoefen is, gee betekenis in my broosheid en hoop op 'n onverganklik erfenis. Waaroor gaan dit in hierdie lewe vir die gelowige? Wel, dit gaan oor die verlossing van my siel!

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, in die kerk; ds. Jan Lubbe die gesinsdiens in die saal (Afsluiting van Junior Kategese). Welkom aan alle besoekers, en aan almal wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Votum:** | Lied 499:1, 2 & 3 Die Heer is God, en niemand meer<br>1 Petrus 1:24-25 *"Elke mens is soos gras..."* |
| **Seëngroet:** | 1 Petrus 1: 2-3 "aan die vreemdelinge...hulle wat uitverkies is..." |
| **Loflied:** | Lied 345:1, 3 & 4 Kom, alle getroues |
| **Wet:** | Romeine 13:8-14 *"...Wie sy medemens liefhet, het die wet vervul..."* |
| **Verootmoediging:** | Lied 232:1 & 2 Diep, o God, diep neergeboë |
| **Vryspraak:** | 1 Pet. 2:22-25 *"...maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Bewaker van julle siele."* |
| **Epiklese gebed:** | Lied 266:1 Ons Vader wat woon in die hemel |
| **Skriflesing:** | 1 Petrus 1:3-9 |
| **Woordverkondiging:** | <u>Tema:</u> Meer kosbaar as goud – geloof gesuiwer in Beproewing |
| **Gebed** | |
| **Geloofsbelydenis:** | Apostoliese geloofsbelydenis |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 590:1 & 2 Het jy gehoor dat eenmaal |
| **Seënbede** | |
| **Amen** | |
| **Orrelnaspel** | |

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 16 Nov. | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Johan Marais (Afsluiting van Senior Kategese). |
| Sondag, 23 Nov. | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Kerssangdiens). Geen aanddiens. |
| Sondag, 30 Nov. | 09:30 – Ds. Janke Hurter (Kerkraadsbevestiging); Nagmaal by Siësta – ds. Jan Lubbe.<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe (Taizé en Jaarwyding). |

**Ons kategese sluit vandag af vir die jaar 2025 –**
Baie dankie aan ons kinders, kategete en ouers vir dié saamreis, saamleer, saamgroei. Indien jy volgende jaar met kategese en ons kinderleiding wil kom help, kontak gerus die leraars en ons sal jou graag in die span betrek.

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 16 Nov. | Lisa Bloem, Helena Buys, Michelle Coetzer, Valken de Villiers, Nicolaas J van Rensburg, Susan Jordaan, Daniel en Gustav Schulenburg, Arno Theunissen en Soveij van der Schyff. |
| 17 Nov. | Natie Hoffman, Hanna-Mari Hoffman, Karin Jacobs en Eduard Loots. |
| 18 Nov. | Riekie Barnard, Boon Boonzaaier, Fienie Buchner, Tashalene Fourie, Inge Venter |
| 19 Nov. | Marietjie de Wet, Louis Oberholzer, Dawie Roos en Elsie Schoombie. |
| 20 Nov. | Jan Davel, Dawie Kleynhans, Corrie Marais en Rachel Smal. |
| 21 Nov. | Riane Bornman, Donald Laas, Ernest Pienaar en Elize Swiegers. |

Ons dink in gebed aan al ons kinders en studente wat besig is met eksamens, in besonder die Matriekklas van 2025.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Thea Botha (Santé aftreeoord 104, wyk 18); Oom Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15); Tannie Choppie Ferreira (Morganstr. 28, wyk 6); Dawie Malan (Albrechtstr. 118, wyk 7a); Hercules Pretorius (Noorderbloem); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b) en Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a). Ons dink aan almal wat op een of ander wyse ‘n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons innige meegevoel aan Hanine en Christine, dogters van Christine (en wyle Andrew) Murray met die heengaan van hulle moeder, só kort na die verlies van hul vader. Die gedenkdiens was gister hier in ons kerkgebou. Ons bid hulle troos toe, en dink ook so aan almal wat die afgelope twee maande ‘n geliefde moes groet, ons treur stil saam met julle.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid ‘n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep – ) o.l.v. ds Jan Lubbe in die Konsistorie. *“’n Kort voorbereiding vir Advent 2025.”* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand ‘Lighthouse’-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds. Janke Hurter: *“Op reis deur Efesiërs.”* Indien jy wil inskakel, WhatsApp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) o.l.v. ds. Johan Marais in die Konsistorie: *“Wanneer julle bid...”* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Kerkraadsverkiesing:**

Tydens die kerkraadsvergadering van 9 November en in ‘n elektroniese stemming daarná, is die volgende lidmate as kerkraadslede verkies/herkies:

| | |
|---|---|
| Bestuursraadsvoorsitter: | Ellen-Anne Swart |
| Leierouderling: | Oudl. Faan du Toit |
| Leierdiaken: | Diak. JP Joubert |
| Wyksouderlinge: | Oudle. Pieter Klindt, Francois Laux, Geo Jooste, Claudine Engelbrecht en Christo Boshoff (almal herkies), en Johan de Beer, Menitza Gutter, (ds) Wynand Retief en Bennie Grové. |

| | |
|---|---|
| Wyksdiakens: | Diak. Mia de Jager (herkies), Pieter Thirion en Jacquelle Malan. |

Die bevestiging van hierdie kerkraadslede vind op Sondagoggend, 30 November plaas, wat ook die groot dankdiens vir die jaar is – ons nooi nou reeds alle lidmate daarheen uit.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
**Wyke 20, 1** en **2** sorg in November vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy ook hiermee wil help – veral dalk gedurende die somervakansie – kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

### EREDIENSBEDIENING

**Kerssangdiens – Sondag, 23 November om 09:30**
Ons nooi almal hartlik uit na ons jaarlikse **Kerssangdiens** volgende Sondag; kom onthou saam, lees weer, oordink en sing die bekende Kersliedere, luister die mooi Kersmusiek. Ná die tyd, ‘n kort geselligheid met koffie, tee en iets te peusel. Familie en vriende welkom!

### GEMEENTEBEDIENING

**Seniorbediening:** Ons nooi alle lidmate 65+ uit na die afsluiting van ons jaar, komende Woensdag, **19 November om 09:30** wanneer die bekende omroeper Albé Grobbelaar (van Historiese Almanak) nóg onthou-stories kom deel, en ons daarna ‘n gesellige laatontbyt te geniet – bespreek asb. by die kerkkantoor vóór Maandag, 17/11 om 10:00.

**Leesstof:** Vir ‘n wonderlike Kersgeskenk, die *Uit die Beek*-dagboek vir 2026 geskryf deur Stephan Joubert is in ons Boekwinkel te koop @ R 250; kom bestel joune...

### GETUIENISBEDIENING

**Kersliedere by Preller Walk:** Die Timoteus Uitreik nooi enigeen (werkgewers en werknemers) uit om Woensdagoggend, 19 November om 11:00 saam Kersliedere te kom sing by Preller Walk. Enige instrument vir begeleiding ook welkom, van ‘n trompie tot ‘n snaar. U kan ook ‘n Bybel as geskenk saambring. Ons kom 10:45 voor PnP bymekaar om instrumente te stem. Laat weet dr. Andries Hoffman (072 4358 959) of Mathilda Henning (083 321 0570) om saam te kom!

**Naaldwerkklasse:** Afsluiting vir huishulpe op Dinsdagmiddag, 2 Desember 14:00; enigeen wat dit wil bywoon, is hartlik welkom. Marina Hegter by 083 740 3481 vir meer inligting.

**Gladstoneweg Jeugsorgsentrum:** Daar is drie kinders wat oor Kersfees by Gladstonweg-huis agterbly; indien iemand na hul wil uitreik of iets wil skenk, kontak vir Joanita Rossouw (082 3268 966).

### EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dank vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 16 November: **Vennootskappe Reformed Church Zambia.** U kan ook ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**